

13. Bybelmedia, Bybelvertaling en -verspreiding

13.1 RAPPORT DEPUTATE BYBELMEDIA (Art.12,)

A. Dr. F. van der Walt stel die Rapport.

B. Dr. Kobus Victor van Bybelmedia kry geleentheid om die Sinode toe te spreek.

U Deputate het al die manuskripte van Bybelmedia wat aan hulle deurgestuur is, deurgewerk en van kommentaar voorsien.

Die aantal manuskripte het die afgelope jaar sterk afgeneem en daar word voorsien dat ook in die volgende jaar net 'n paar manuskripte gehanteer sal word.

Aanbeveling

Benoem weer Deputate vir Bybelmedia.

Besluit: Die aanbod van dr. Victor in verband met die verspreiding en keuring van publikasies word verwys na die Kommissie vir Publikasies. Van die res van die Rapport word kennis geneem.

13.2 RAPPORT DEPUTATE BYBELVERSPREIDING (Artt.99, 178)

Dr. D.G. Breed stel die Hoofsekretaris van die SA Bybelgenootskap, dr. D.R. Tolmie en die Streeksekretaris, ds. H.J. Geysers aan die vergadering bekend nadat die Voorsitter hulle verwelkom het.

A. Ds G.A. Hattingh stel die Rapport.

B. Dr. Tolmie spreek die Sinode toe.

C. Dr. D.G. Breed bedank dr. Tolmie.

D. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Bybelverspreiding en -vertaling.

E. Ds. H.L.J. Momberg rapporteer namens die Kommissie.

F. RAPPORT:

1. Opdrag

1.1 Fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Handelinge 1994:118, 4.1).

1.2 Skakeling met Gereformeerde Kerk Windhoek oor aanwending van fondse vir Boesmanvertaling (Handelinge 1994:130, 7.3.2).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname

2.1 Fondsinsameling:

2.1.1 Inligtingstukke is op gereelde basis aan Kerkrade en Klassisdeputate vir Bybelverspreiding gestuur.

2.1.2 Besoekersgroepe en individue is aan Bybelhuis, Kempton Park, ontvang en bekendgestel met Bybelverspreiding en die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

2.1.3 Die Skriba van die Deputate, ds. G.A. Hattingh, het Sustersaamtrekke op versoek gereeld voorsien van pamflette en koeverte. Meestal is die kollekte (of 'n deel daarvan) tydens sulke saamtrekke vir Bybelverspreiding geoormerk.

2.1.4 Ds. Hattingh het ook op uitnodiging by verskillende kerke op Sondag die Woord bedien en aan lidmate ter sake inligting deurgegee.

2.2 Skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:

2.2.1 Met dankbaarheid kan gerapporteer word dat die Bybelgenootskap groot erns maak met sy taak om in samewerking met die Christelike Kerke die Bybel te vertaal, te publiseer en beskikbaar te stel teen 'n bekostigbare prys.

2.2.2 Verskeie predikante en lidmate van die GKSA dien op die onderskeie Streekrade van die Bybelgenootskap. (Een broeder dien al baie jare op die Nasionale Raad.)

2.2.3 Deeltydse skakelwerk in Bloemfontein (vgl. Handeling 1994:121 E). Die twee Kerkrade in Klassis Fauresmith wat aanvanklik hierin geïnteresseerd was, het teruggestaan ten gunste van 'n kerk in Klassis Reddersburg. 'n Afvaardiging van hierdie Kerkraad het die Deputate ontmoet. Na deeglike besinning en verdere onderhandelinge met die Bybelgenootskap is daar vir die huidige nie tot die benoeming van 'n Gereformeerde predikant in Bloemfontein oorgegaan nie. Vgl. ook ons aanbeveling 3.2.2 van die Rapport.

2.3 Skakeling met Gereformeerde Kerk Windhoek oor aanwending van fondse vir Boesmanvertaling:

2.3.1 Ons was per korrespondensie in verbinding met bogenoemde Kerkraad.

2.3.2 Een van die predikante en die konsulent van Windhoek het 'n samespreking met ons gehad en geouditeerde finansiële state en 'n begroting voorgelê.

2.3.3 Bevinding:

2.3.3.1 Ons is as Deputate oortuig dat die fondse op 'n verantwoordelike wyse bestee word.

2.3.3.2 Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen hou hom so na as moontlik aan die tydskedule om die vertaling DV einde 1996 te voltooi.

2.3.3.3 Dit blyk dat daar na die voltooiing van die vertaling nog aansienlike uitgawes sal wees om die vertaling beskikbaar te stel, verkieslik op kassette. (Die Gereformeerde Kerk Windhoek sal besonderhede aan die Sinode voorlê.)

2.4 Aanbeveling:

Die Sinode neem kennis van 2.1 tot 2.3.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Finansies:* Die volgende bedrae is van kerke en lidmate ontvang:

JAAR GEËINDIG 31 OKTOBER	BEDRAG	GEMIDDELD PER LIDMAAT
1993	574 310.14	7.13
1994	834 813.89	10.43
1995	502 450.62	6.34

(Die besonder gunstige stand vir 1994 moet gesien word in die lig van Bibliathon '94. Die aanduiding is dat dat 1996 se bydraes heelwat meer sal wees as 1995. Ons sal DV aanvullend rapporteer vir die jaar tot 31 Oktober 1996.)

Besluit: Kennis geneem.

3.1.1 Aanbeveling:

3.1.1.1 Die Sinode betuig sy dank aan kerke en lidmate vir voortgaande finansiële ondersteuning vir Bybelverspreiding en die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Donateurs word aangemoedig tot groter steun, veral nadat die belastingtoegewings op donasies vir Bybelverspreiding van staatsweë verval het.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.1.2 Die Sinode neem as riglyn vir Bybelverspreiding die bedrag waarmee die Bybelgenootskap 'n Bybel subsidieer, plus R1.00. (In 1996 is dit R11.00.) Die benoemde Deputate moet die riglyn jaarliks aan kerke voorsien (vgl. Handeling 1991:103, 3.5.2 en 1994:121, 4.3).

Besluit: Goedgekeur.

3.1.1.3 Die Sinode spreek hom uit oor verdere finansiële ondersteuning aan Gereformeerde Kerk Windhoek na die voltooiing van die Boesmanvertaling einde 1996 (vgl. 2.3.3.3 hierbo).

Besluit: Verwys na Finansiële Kommissie.

3.2 *Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:*

3.2.1 Teenwoordigheid by die Sinode: In die verlede was 'n verteenwoordiger van die Bybelgenootskap teenwoordig by die behandeling van die Rapporte oor Bybelverspreiding en Bybelvertaling en is aan hom 'n spreekbeurt gegee. Na skakeling met die Deputate vir Bybelvertaling blyk dit sinvol te wees om hiermee voort te gaan.

3.2.1.1 Aanbeveling: Aan dr. Donald Tolmie, Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap, word 'n spreekbeurt toegestaan.

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 Deeltydse skakelwerk in Bloemfontein deur 'n Gereformeerde predikant.

3.2.2.1 Aanbeveling: Die saak word in die hande van die Bybelgenootskap gelaat om verder hierin inisiatief te neem (vgl. Handeling 1994:121, 3(1)).

Besluit: Die saak word in die hande van die Bybelgenootskap gelaat om in oorleg met die Deputate vir Bybelverspreiding verder hierin inisiatief te neem. Kerke in die Klassisse Reddersburg en Fauresmith kan ook met die Deputate vir Bybelverspreiding hieroor skakel.

4. Aanbeveling

Die Sinode benoem weer Deputate vir Bybelverspreiding met opdrag Fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Besluit: Goedgekeur.

G. AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE VIR BYBELVERSPREIDING

Bydraes vir die jaar geëindig 31 Oktober 1996

Uit alle bronne (Kerke, susters, individue, ens.) was die bydrae R854 350.54 wat 'n gemiddelde van R10.92 per lidmaat is.

Ons is baie dankbaar vir die voortgaande belangstelling en ondersteuning.

Besluit: Met dank kennis geneem.

13.3 RAPPORT DEPUTATE VIR BYBELVERTALING (Artt. 100, 178)

A. Dr. I.L. Bekker stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Bybelverspreiding en -vertaling.

C. Ds. H.L.J. Momberg stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT:

1. Opdrag

Die opdrag word op verskillende plekke in Handeling Sinode 1994 (122-130) aangetref en word in numeriese volgorde behandel.

Opdrag 1:125, 3.1.1

Om die Memorandum oor 'n nuwe Bybelvertaling te hersien in die lig van die gesprek met die Bybelgenootskap, om as basis vir 'n gesprek met Afrikaanssprekende Kerke te dien.

Opdrag 2:125, 3.1.2

Om skrywes aan sodanige Kerke te rig waarin hulle samewerking gevra word vir 'n versoek met betrekking tot 'n nuwe Bybelvertaling aan die Bybelgenootskap.

Opdrag 3:125, 3.1.3

Om die moontlikheid van 'n konferensie oor Bybelvertaling te ondersoek en om persone of instansies te versoek om so 'n konferensie te reël.

Opdrag 4:126, 3.1.4.1

Om die saak van 'n nuwe vertaling van die Bybel in Zoeloe met die Bybelgenootskap op te neem.

Opdrag 5:126, 3.1.4.2

Kommentaar betreffende die 1933/53- en 1983-vertalings wat ontvang word, word voortaan aan die Bybelgenootskap/Eindredaksie oorhandig.

Opdrag 6:126, 3.1.4.3

Om die vertaling van die Godname YHWH en Adonai met die Bybelgenootskap op deurlopende basis op te neem.

Opdrag 7:130, 7.3.1

Die Sinode versoek sy *Deputate vir Bybelvertaling* om met Windhoek skakeling te hou oor vordering, hulp en advies in probleemsituasies wat mag ontstaan in verband met die Bybelvertaling in Boesman.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bevindings

2.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem:

2.1.1 Vermiste Memorandum

Die Memorandum oor 'n nuwe Bybelvertaling wat in opdrag van Sinode 1994 deur hierdie Deputate hersien moes word (vgl. Opdrag 1 bostaande), het as oorspronklike Bylae uit die sinodale stukke vermis geraak. Van 'n rekenaarkopie moes ten einde laaste gebruik gemaak word (Bylae 1).

2.1.2 1983 - Verwysingsbybel

U Deputate het met dank kennis geneem dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika besig is met 'n projek om 'n verwysingsbybel met die teks van die 1983-Afrikaanse vertaling daar te stel. Uit die geleedere van die GKSA het die Bybelgenootskap prof. Fika J. van Rensburg op hierdie Redaksie benoem. Die Redaksie beplan om DV in Julie 1996 die werk af te handel en dat dié Bybel in die loop van 1997 sal verskyn (Bylae 2).

2.1.3 Benoemings op Advieskomitee vir Bybelvertaling

Sinode 1994 het wel nie só 'n opdrag gegee nie, maar dit is 'n staande taak van hierdie Deputate om lede op die Bybelgenootskap se Advieskomitee vir Bybelvertaling te benoem.

2.1.4 Bybel vir Doves?

Op versoek van die NG Kerk gee die Bybelgenootskap aandag aan die moontlikheid van 'n vertaling van die Bybel in vereenvoudige Afrikaans afgestem op die doves as teikengroep. Die Bybelgenootskap sal te geleener tyd hieroor die Kerke nader.

2.1.5 Bybel vir kinders?

'n Versoek het voor die Kerklike Advieskomitee van die Bybelgenootskap gedien oor 'n Bybelvertaling spesifiek afgestem op kinders as teikengroep - 'n vertaling in die rigting van die Nederlandse "Startbijbel". Hierdie versoek is egter ter syde gestel.

2.1.6 Herformulerings in 1983-Bybelvertaling

U Deputate het met dank kennis geneem dat 'n brosjure getitel "Herformulerings" reeds in 1994 verskyn het en by die Bybelgenootskap beskikbaar is. Al die herdrukke vanaf 1991 van die 1983-Bybelvertaling sluit genoemde herformulerings in (Bylae 10).

2.1.7 Onttrekking van deputaat

Dr. M.J. du Plessis het kennis gegee dat hy verkies om nie meer as lid van hierdie Deputate te dien nie. Volgens numeriese volgorde is prof. D. Wissing as secundus in sy plek opgeroep.

2.1.8 Gesindheid Bybelgenootskap oor Boesmanvertaling

U Deputate het by monde van di. H. Reinecke en H.L.J. Momberg met spyt kennis geneem dat die Bybelgenootskap van Namibië tans negatief is oor die Kung-Boesmanbybelvertaling-projek. Geen finansiële steun kan van hulle verwag word nie. Die Bybelgenootskap van SA en die United Bible Societies wil op hierdie stadium nie betrokke raak nie. Die Gereformeerde Kerk Windhoek het kennis gegee dat hulle derhalwe genoodsaak is om Sinode 1997 te nader om finansiële steun vir hierdie vertalingsprojek (Bylae 3).

2.1.9 Kommentaar oor 1933/53- en 1983-vertalings (vergelyk Opdrag 5 bostaande)

Sedert Sinode 1994 is geen kommentaar oor bogenoemde vertalings vanuit die Kerke deur die Deputate ontvang nie.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.1.

2.2 Sake vir beoordeling deur Sinode:

Die Deputate het op die volgende wyse aan hul opdragte uitvoering gegee:

2.2.1 Hersiening van Memorandum oor nuwe Bybelvertaling (Opdrag 1)

Die Memorandum is deur prof. G.J.C. Jordaan in samewerking met 'n subkommissie van hierdie Deputate hersien. Dit weerspieël in breë trekke die standpunt (uit Sinodebesluite) van die GKSA en het reeds as basis vir gesprek met die Bybelgenootskap van SA gedien (Bylae 1).

2.2.2 Skrywes aan Afrikaanssprekende Kerke met betrekking tot 'n nuwe Bybelvertaling (Opdrag 2)

Die Deputate het eenparig geoordeel dat sodanige skrywes onnodig en oorbodig geword het, aangesien die Bybelgenootskap van SA positief gereageer het op die voorlegging van die GKSA oor só 'n vertalingsprojek, reeds 'n simposium oor die saak opgeroep het en verteenwoordigers uit die Afrikaanssprekende Kerke daarheen uitgenooi het (Bylae 4, 6.2).

2.2.3 Die moontlikheid van 'n konferensie oor Bybelvertaling (Opdrag 3) (Bylaes 5 en 6)

Ná skakeling met die Bybelgenootskap van SA is met dankbaarheid kennis geneem dat 'n eendagsimposium oor 'n formeel-ekwivalente Bybelvertaling in Afrikaans, asook 'n Bybelvertaling vir Dowes, gereël gaan word. Hierdie simposium is op 12 Junie 1996 by die Bybelhuis in Kempton Park gehou en is deur vyf van die Deputate bygewoon. Prof. G.J.C. Jordaan het by hierdie geleentheid 'n voordrag gelewer, getiteld "'n Brontaalgeoriënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans". Hierdie simposium het in 'n positiewe gesindheid plaasgevind. Met betrekking tot 'n nuwe formeel-ekwivalente Bybelvertaling is deur die verteenwoordigers van die Afrikaanssprekende Kerke op die volgende ooreengekom:

2.2.3.1 Advies word aan die Bybelgenootskap gegee om aan die GKSA kennis te gee dat:

- * kennis geneem word van die saak;
- * dat die saak op die agenda van die Bybelgenootskap gehou word.

2.2.3.2 Daar sal onder leiding van die Bybelgenootskap jaarliks 'n vertalingsimposium gehou word waarby:

- * vertaalteoretiese aspekte en
- * die praktiese behoefte aan Bybelvertalings onder die loep geneem sal word.

2.2.4 'n Nuwe Zoeloevertaling van die Bybel (Opdrag 4)

In briefwisseling met die Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap is navraag gedoen oor die vordering, indien enige, met 'n nuwe Zoeloe-Bybelvertaling. Ook is verwys na Sinode 1991(114, 2.2.2.1) se aanbeveling oor hierdie saak. Die Bybelgenootskap het as antwoord daarop gewys dat die Nuwe Testament en Psalms in Zoeloe in 1986 gepubliseer is. Op hierdie stadium is die projek voorlopig opgeskort met die aftrede van die destydse projek-koördineerder. Die Bybelgenootskap onderneem om die GKSA van enige verdere verwickelinge op hoogte te hou (Bylae 7).

2.2.5 Vertaling van die Godsname YHWH en Adonai (Opdrag 6)

Die Deputate is van mening dat skakeling met die Bybelgenootskap in hierdie verband oor die 1983-vertaling nie langer sinvol is nie, aangesien hersiening van hierdie betrokke vertaling reeds in 1992 gestaak is. Hierdie aangeleentheid is egter opgeneem in die hersiene Memorandum oor Bybelvertaling en is ook verwys na die GKSA-lede van die Advieskomitee vir Bybelvertaling met opdrag om ons

siening oor die vertaling van YHWH en Adonai op deurlopende basis onder die aandag van die Bybelgenootskap te bring.

2.2.6 Skakeling met Windhoek insake Bybelvertaling in Boesman (Opdrag 7)

Uit briefwisseling en 'n persoonlike ontmoeting met afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerk Windhoek blyk onder andere die volgende:

2.2.6.1 Dit word beplan om die vertaling van die hele Bybel in Kung-Boesman DV aan die begin van 1997 in al sy fases voltooi te hê.

2.2.6.2 Die Bybelgenootskap van Namibië bied geen morele en finansiële steun aan hierdie vertalingsprojek nie.

2.2.6.3 Vanweë 'n lae geletterheidsvlak onder die Kung-Boesmans, asook bepaalde ortografiese probleme, sal die Kung-Boesmanvertaling voorlopig slegs by wyse van kassetbande gepubliseer word.

2.2.6.4 Om die publikasie van hierdie vertaling te bekostig oor die volgende 2 tot 3 jaar beoog die Gereformeerde Kerk Windhoek om:

2.2.6.4.1 uit eie gemeentefondse R40 000 per jaar by te dra;

2.2.6.4.2 op langtermynbasis skenkings te vra van individue uit kerke in die RSA, Namibië en die buiteland;

2.2.6.4.3 by Sinode 1997 aan te klopp om finansiële steun.

2.2.6.5 'n Volledige verslag van die Kung-Boesmanvertalingsprojek, met finansiële state, sal op die tafel van Sinode 1997 deur die Gereformeerde Kerk Windhoek gelewer word (Bylae 3).

2.2.7 GKSA-lede op Advieskomitee vir Bybelvertaling

Alhoewel sonder opdrag (kyk 2.1.3), het die Deputate dit goedgevind om, op versoek van die Bybelgenootskap, die volgende persone uit die geledere van die Deputate op die Advieskomitee vir Bybelvertaling van die Bybelgenootskap aan te wys:

Primi: proff. J.C. Coetzee (s), F.N. Lion-Cachet, H.F. van Rooy, J.A. van Rooy, J.J. Janse van Rensburg.

Sekundi: dr. I.L. Bekker, prof. G.J.C. Jordaan.

Die Sinode se goedkeuring word gevra (Bylae 8 en 9).

Besluit: Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

3. Aanbevelings

3.1 *Die Sinode benoem weer Deputate met die volgende opdragte:*

Besluit: Punt 3.1 word goedgekeur.

3.1.1 Verleen samewerking aan die Bybelgenootskap se vertalingsimposia en bevorder die saak van 'n brontaalgeoriënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans aldaar, sowel as op die Advieskomitee vir Bybelvertaling as 'n baie dringende aangeleentheid.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

3.1.2 Benoem persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling, wanneer só versoek, of vul die GKSA-lede op dié komitee aan, wanneer nodig

Besluit: Goedgekeur.

3.1.3 Voer gesprek oor die voortsetting van 'n nuwe vertaling van die Bybel in Zoeloe met die Bybelgenootskap

Besluit: Goedgekeur.

3.1.4 Neem die vertaling van die Godname YHWH en Adonai in eventuele Bybelvertalings en -hersienings op deurlopende basis met die Bybelgenootskap op en bring die erns van hierdie saak uitdruklik onder die aandag van die Bybelgenootskap.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

3.1.5 Skakel met die Bybelgenootskap van Namibië oor die Kung-Boesmanvertaling en probeer hul positiewe samewerking verkry in die publikasie daarvan.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die Sinode gee aan die Kerkraad van Windhoek die geleentheid om 'n aansoek om finansiële steun vir die afhandeling van die Kung-Boesmanvertaling te stel. (Die Deputate konstateer graag hul besondere en eenparige steun vir hierdie verdienstelike aansoek.)

Besluit: Verwys na die Finansiële Kommissie.

3.3 Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen, die hoofvertaler van die Kung-Boesmanvertaling, word hartlik gelukgewens en seën toegebied met die bereiking van die voltooiingsmylpaal van hierdie projek ná 17 jaar.

Besluit: Goedgekeur dat hierdie gelukwense staande hierdie Sinode op 'n gepaste wyse aan hom oorgedra word. Verder word die Gereformeerde Kerk Windhoek en alle ander kerke en individu wat hierin meegehelp het hartlik bedank.

3.4 Die Sinode oorweeg om soos volg te begroot vir reiskoste vir Deputate vir Bybelvertaling vir die komende driejaar-termyn:

3 Vergaderings (minimum 1 per jaar)	R3 000.00
3 Simposia (minimum 1 per jaar)	R3 000.00
3 Advieskomiteevergaderings (minimum 1 per jaar)	<u>R3 000.00</u>
TOTAAL	<u>R9 000.00</u>

Besluit: Verwys na Finansiële Kommissie. (Die finale besluit oor die begroting is geïnkorporeer in die begroting wat deur die Finansiële Kommissie voorgelê en deur die Sinode aanvaar is vir Januarie tot Junie 1997, 18.1, F 1.1 - Deputate Handeling.)

13.4 RAPPORT GEREFORMEERDE KERK WINDHOEK
INSAKE DIE AFHANDELING VAN DIE KUNG BOESMAN
BYBELVERTALING (Artt.101, 178)

A. Ds. H. Reinecke stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Bybelverspreiding en -vertaling.

C. Ds. H.L.J. Momberg stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT:

1. Besluite en opdragte van die Nasionale Sinodes GKSA (1991/4)

1.1 Die Sinode maak voorsiening vir die afronding en afhandeling van die vertalingswerk wat tot dusver gedoen is, sonder om af te sien van die ideaal van 'n voltooide vertaling (Acta 1991:129, 13.7 : 1.1).

1.2 Die Sinode versoek die Geref. Kerk Windhoek om ds. Van der Westhuizen soveel as moontlik vry te stel vir hierdie werk (Acta 1991:129, 13.7 : 1.3).

1.3 Van die fondse kan ook gebruik word vir administratiewe-entikwerk (Acta 1991:129, 13.7 : 1.6).

1.4 Die opgehoopte fondse vir Bybelvertaling word vanaf 01-01-1994 tot 31-12-1996 in gelyke dele gegee aan die Geref. Kerk Windhoek (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.1).

1.5 Toestemming word aan die Geref. Kerk Windhoek verleen om in die kerkverband te kollekteer. Kerke word versoek om hulp te verleen (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.2).

1.6 Twintig persent (20%) of 'n minimum van R60 000 per jaar van die bydraes vir Bybelverspreiding wat die Admin. Buro ontvang, word jaarliks aan die Geref. Kerk Windhoek oorbetaal (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.3).

1.7 Die Geref. Kerk Windhoek word daarop gewys dat die Sinode net tot einde van 1996 hulp verleen (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.4).

1.8 Die Sinode versoek sy Deputate vir Bybelvertaling om met Windhoek skakeling te hou oor die vordering, hulp en advies in probleemsituasies wat mag ontstaan met die Bybelvertaling in Boesman (Acta 1994:130, 13.4 : 7.3.1).

1.9 Die Sinode gee die Deputate vir Bybelverspreiding opdrag om met Windhoek skakeling te hou oor die aanwending van fondse (Acta 1994:130, 13.4 : 7.3.2).

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 1.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 Uitvoering van opdrag

2.1.1 Geref. Kerk Windhoek het ds. Van der Westhuizen vir die periode 01-01-1994 tot 31-12-1996 steeds soveel as moontlik vrygestel vir die vertalingswerk (KO, art.14) soos deur die Nasionale Sinode 1991 versoek. Met die uitsondering van minimale gemeente-en-kerkverband verpligtinge, sowel as 'n kort onderbreking vanweë siekte, het ds. Van der Westhuizen hom voltyds gewy aan die vertalingswerk.

2.1.2 *Windhoek* het tot einde Julie 1996 gebruik gemaak van 'n tikster om met die administratiewe-en-tikwerk van die Boesman

Bybelvertaling te help. Haar dienste word voortaan deelyds gebruik en per stukwerk vergoed.

2.1.3 *Windhoek* het jaarliks volledig verslag gelewer by die Part. Sinode Namibië oor die Boesman Bybelvertaling. Dieselfde verslae is jaarliks aan beide die Nasionale Sinode se Deputate Bybelverspreiding en Bybelvertaling skriftelik aangestuur. Skakeling met beide hierdie Deputategroepe is deur 'n persoonlike besoek van ds. H.L.J. Momberg (konsulent) en ds. H. Reinecke gedurende April 1996 gedoen.

2.1.4 *Windhoek* het die volle beloofde hulp vir 1994 en 1995 vanaf die Admin. Buro ontvang. Tydens die opstel van hierdie Rapport is 90,86% van die beloofde hulp vir 1996 ontvang. *Windhoek* het in kerkverband gekollekteer vir die Boesman Bybelvertaling. *Windhoek* wil graag langs hierdie weg sy hartlike dank uitspreek teenoor die Nasionale Sinode en elke kerk wat hulp verleen het.

2.2 *Vertalingsvordering*

Met dankbaarheid teenoor die Here vir sy genade en seën, kan ons rapporteer dat die Bybel volledig vertaal is. Hierdie verslag is 'n afhandelingsrapport insake die vertaling. Ds. van der Westhuizen doen nog finale afrondingswerk aan enkele boeke se proeflees, perikoophoofies en bladsyuitleg, wat as finale voorbereiding vir publikasie dien. Hierna kan die rekenaaruitdruk plaasvind. Die Bybel is tans op rekenaardiskette beskikbaar.

2.3 *Finansies*

Die Kerkraad en Finansiële Kommissie van *Windhoek* het direkte beheer en toesig oor die finansies van die Bybelvertalingsrekening uitgeoefen. Eksterne ouditeurs het 1994 en 1995 se boeke van die Bybelvertalingsrekening geouditeer en dit is ook aan die Deputate Bybelverspreiding voorgelê (Bylae A & B). State van 1996 is nog nie geouditeer nie, aangesien die finansiële jaar 31-12-1996 eindig. *Windhoek* bied tog die werklike inkomste en uitgawe syfers soos op 30 Augustus 1996 en die geskatte syfer tot 31 Desember 1996 aangeheg aan (Bylae C).

Gedurende 1994-96 is die finansiering van die vertaling gedoen deur *Windhoek*, Part. Sinode Namibië, Nasionale Sinode GKSA, skenkings deur kerke en eenmalige skenkings deur 83 individue. Ten spyte van hierdie skenkings, is daar jaarliks nog groot tekorte. Die tekorte sedert 1991 het in 'n leningsrekening van *Windhoek* opgehoop en het op 31-12-1995 op R76 517 gestaan en verhoog deur rente. *Windhoek* dra tans alleen aan hierdie swaar skuld van die Bybelvertaling.

Jaar tot	Uitgawes	Inkomstes	Surplus/(Tekort)	
31-12-1994	129 722	173 568	43 846	werklik
31-12-1995	212 208	182 803	(29 406)	werklik
31-12-1996	227 983	199 000	(28 683)	geskat

Windhoek het die afgelope 3 jaar verskeie pogings geloods om fondse vir die Bybelvertalingsprojek in te samel:

* Pogings vir hulp van Buitelandse Bybelgenootskappe was onsuksesvol.

* Pogings vir hulp van die Bybelgenootskap van Namibië was onsuksesvol. Redes: Gebrek aan fondse en/of betrokkenheid by ander Bybelvertalingsprojekte en gebrek aan begrip.

* Poging tot kombinasie-beroeping deur die Geref. Kerke binne die Part. Sinode Namibië vir die Boesman Bybelvertaling kon vanweë die kerke se finansiële onvermoë, nie realiseer nie.

* Versoeke aan 2 200 kerke binne die GKSA, NGK en NHK, het meegebring dat 5,1% van hierdie kerke gereageer het met eenmalige skenkings.

* 'n "R10-Individuele Projek" is gedurende 1996 geloods. Daar is reeds 83 individue wat hulle verbind het tot die vertalingsprojek en finansiële hulp verleen.

Windhoek is die Here innig dankbaar vir sy versorging vir die Boesman Bybelvertaling. Hy het die middele voorsien deur kerke en individue tot hulpverlening te bring.

2.4 Die behoefte aan en toeganklikheid van die vertaling

Die behoefte onder die Boesmans om die Bybel in hulle eie moedertaal te kry, bly nog steeds groot. Hierdie behoefte het wyer uitgekring na die noorde en noordooste van Namibië waar ander Kung dialekte gepraat word. By hulle is hierdie behoefte ook groot, asook by sendelinge wat onder die Boesmans werk.

Die Kung Boesman Bybel wat tans op rekenaardiskette beskikbaar is, is nog nie toeganklik en bruikbaar vir die Boesmans nie. Om die vertaling toeganklik en bruikbaar te maak, moet dit gepubliseer word. Die problematiek hiervan word gevolglik hierna in die Beskrywingspunt insake die publisering van die Kung Boesman Bybel aangespreek.

Windhoek het gedurende die afgelope 3 jaar ondersoeke gedoen oor die moontlikhede en effektiwiteit van publikasies. Die resultate van hierdie ondersoeke en toetse, kom hierna in die "Beskrywingspunt insake Publisering ..." aan die orde.

Besluit: Van die hele punt 2 is kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Nasionale Sinode neem met groot dank teenoor die Here kennis van die voltooiingsmylpaal van die vertaling van die Kung Boesman Bybel.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die Nasionale Sinode wens ds. P.J.W.S. van der Westhuizen en broeder Sisawa hartlik geluk met hierdie groot werk.

Besluit: Goedgekeur.

13.5 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE NAMIBIë INSAKE DIE PUBLISERING VAN DIE KUNG BOESMAN BYBEL (Art.101, 223)

A. Ds. H. Reinecke lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Finansiële Kommissie.

C. Oudl. J.J. Howell rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Beredenering

1.1 Die GKSA se doel met die Boesman Bybelvertaling was om 'n voltooië vertaling te kry (vgl. Acta 1991). Die bedoeling hiervan veronderstel dat die Bybel vertaal, gepubliseer/druk en versprei sal word, sodat die Woord van God vir die Boesmans toeganklik en bruikbaar sal wees. Hierdie doel is in ooreenstemming met die opdrag van ons Here Jesus Christus (Matt 18:19 e.a.).

1.2 Die Nasionale Sinodes GKSA van 1985/88/91/94 het die aanvanklike behoefte aangespreek nl. om die Bybel vertaal te kry. Aan hierdie behoefte is nou voldoen met die voltooiing van die vertaalproses.

1.3 Die GKSA het op sy vorige Sinodes nie die publisering en verspreiding van die vertaling volledig in aanmerking geneem nie. Dit sal sinloos wees om 'n vertaling waaraan die kerke baie tyd en geld bestee het, onbruikbaar, ontoeganklik en ongepubliseer te laat. Die gevolg hiervan sal wees dat die openbaring van God steeds verborge (geslote) buite hulle moedertaal gehou word. Dit sal in stryd wees met die opdrag van die Here (Matt 28:19; Op 22:10, e.a.).

Voortvloeiend hieruit beteken dit ook dat die Nasionale Sinode geen ander keuse het as om met hierdie Beskrywingspunt 'n opdrag om publisering te formuleer nie.

1.4 God het sy Woord in 'n besondere mate aan sy kerk toevertrou om dit uit te dra na alle nasies en in alle tale (vgl. o.a. Matt 18:19; 2 Tim 3:16-4:5 en Op 5:9). Hierdie opdrag veronderstel dat die kerk die roeping en verantwoordelikheid het vir vertaling, publisering en verspreiding van die Woord. Die effektiewe beskikbaarstelling en

ontsluiting van die Woord van God in die taal van die lidmate, is 'n kerklike saak wat op 'n kerklike wyse gehanteer moet word (KO, art.30).

In die uitvoering van hierdie opdrag en roeping is ons as kerke binne die Nasionale Sinode GKSA-verband op mekaar aangewese.

1.5 Die Geref. Kerk Windhoek het, met hierdie roeping en verantwoordelikheid in gedagte, ondersoek gedoen met die oog op die publisering van die vertaling.

2. Onderzoek en resultate na moontlike publikasies

2.1 Onderzoek en resultate na 'n skriftelike publikasie

Windhoek het een publikasie van 50 eksemplare van die Lukas Evangelie in 1992/3 die lig laat sien. Hierdie publikasie is onder Boesmans in Gobabis (en in Boesmanland) teen 50 sent versprei. Daar is groot moeite ondervind om dit te versprei. Daar was nie baie groot opgewondenheid onder die Boesmans oor hierdie publikasie nie.

Na ondersoek oor die gebruik van hierdie publikasie, is bevind dat die Boesmans dit weinig gebruik. Die redes wat bepaal kon word, is die volgende:

a) Ongeletterde Boesmans (in meerderheid) het geen direkte toegang tot 'n skriftelike publikasie nie. Hulle sou alleen toegang hê via die geletterde lesers (in minderheid) wat die Boesmantaal en -ortografie vaardig is.

b) Geletterde Boesmans (in minderheid) gebruik weinig die skriftelike publikasie, aangesien hulle vanweë die ortografie probleem-vraagstuk (Bylae D), nog nie vaardig is in die lees van die Boesman- ortografie nie.

c) Die skriftelike publikasie word glad nie deur sendelinge gebruik nie, aangesien die sendeling nie vaardig is in die Boesmantaal nie.

d) Die afwesigheid van 'n leeskuiluur en die aanwesigheid van 'n vertel-en-luisterkuiluur by die Boesmans, is ook 'n bepalende faktor.

e) Die reikwydte (geografies) van 'n skriftelike publikasie is beperk tot slegs die geletterde "Gobabis Kung Boesmans". Die vertaling is in die "Gobabis Kung"-dialek vertaal.

Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat 'n skriftelike publikasie op hierdie stadium nie doeltreffend (effektief) genoeg en bruikbaar in die sendingbediening is nie. Op grond van hierdie bevindinge, het *Windhoek* ook 'n ander moontlikheid van publikasie ondersoek: verbale publisering.

2.2 Onderzoek en resultate na 'n verbale publikasie

Windhoek het een publikasie van 300 eksemplare van Gen 1-17 op klankkasset in 1995 die lig laat sien. Hierdie klankkassette is baie effektief en met groot opgewondenheid onder die Boesmans in Gobabis en Boesmanland verkoop. Sedertdien ontvang *Windhoek* versoeke na opvolg klankkassette.

Na ondersoek oor die gebruik van hierdie publikasie, is bevind dat die Boesmans dit effektief gebruik. Die redes is die volgende:

- a) Dit is toeganklik vir geletterdes en ongeletterdes, vir oud en jonk, dus vir alle Boesmans.
- b) Dit beantwoord aan die onmiddellike behoefte.
- c) Dit oorbrug alle probleme van die ortografie-vraagstuk.
- d) Dit harmoniseer met die Boesmans se vertel-en-luister-kultuur/tradisie.
- e) Die reikwydte (geografies) strek baie wyer as slegs die Gobabis Kung Boesmans en bereik gevolglik 'n baie groter getal. Die Botswana Kungs, Tsumkwe Kungs, Maroelaboom Kungs, Tsintsabis Kungs en Mpunguwei Kungs verstaan die Gobabis Kung-dialek wanneer hulle dit hoor. (Daar is ongeveer 40 000 Kungspreekende Boesmans in Namibië, Botswana en enkele in RSA.)
- f) Sendelinge gebruik dit in eredienste en ander bedieningsgestaltes met behulp van bandspelers. In skole word dit ook gebruik. So ook kan werkgewers met behulp hiervan op plase hulle sendingroeping vervul.
- g) Die klankkassette sal in die toekoms ook 'n groot hulpmiddel wees om die vaardigheid in die Boesman-ortografie te bevorder (hoor en lees/lees en hoor).

Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat 'n verbale publikasie op klankkassette die mees effektiewe publikasie wyse in die sendingbediening is. Verder bestaan daar 'n baie groot behoefte vir 'n verbale publikasie. Sendelinge en Boesmans vra periodiek na die volgende klankkassette.

2.3 *Advies oor die publisering*

Die advies van *Windhoek* se Vertalingskommissie, Kerkraad en die Part. Sinode Namibië oor die publisering van die vertaling is eenstemmig, nl. dat nadat die vertaling voltooi is,

- 1) die hoogste prioriteit aan 'n verbale publikasie gegee word, en
- 2) daarna eers 'n permanente skriftelike publikasie oorweeg word.

2.4 *Implikasies van 'n verbale publikasie*

Op grond van die ondersoek resultate en die advies, het *Windhoek* die implikasies van 'n verbale publikasie ondersoek.

2.4.1 Leser

'n Boesman (moedertaalleser) sal die teks op band moet lees, sodat 'n suiwer Boesman-stem (klank) sonder enige dialek-uitspraak gehoor kan word. Dieselfde Boesman-broeder wat al jare met die vertaling behulpsaam was en ook die toets-publikasie (Gen 1-17) op band gelees het, word aanbeveel, naamlik 'n Gereformeerde lidmaat (plaasarbeider), br. Sisawa (64 jaar).

2.4.2 Remediëring, toesighouding en kontrolering

Ds. Van der Westhuizen sal die remediëring, leiding, toesighouding en die kontrolering moet behartig. Hy is die enigste teoloog wat in die Kung Boesmantaal en -ortografie vaardig is.

2.4.3 Opnames

Die opnames en regie van die te-bandstelling sou deur 'n buite-instansie behartig kan word. Aangesien die dienste van 'n buite instansie in Namibië beperk is, hoër kostes en 'n verlening van die opname proses sal meebring, word ds. Van der Westhuizen aanbeveel vir die opnames en regie. Hyself het ook die toets-publikasie se opname en regie op hoë en professionele standaard behartig. Hy is in besit van die meeste klanktoerusting wat hiervoor benodig word.

2.4.4 Duplisering

Massa duplisering sou deur die kerk gedoen kan word indien 'n massa-dupliseringklanktoestel aangekoop word. 'n Beter alternatief (wat aanbeveel word) is dat Magnetic Duplication Services (MDS) te Somerset-Wes dit behartig, aangesien hulle professioneel ingerig is. MDS het die toets-publikasie behartig. Kostes het R2.75 per C90 minute kasset beloop (kasset, duplisering, kassie en druk-plakker ingesluit). Die kerk sal moeilik teen goedkoper kostes kan dupliseer. (MDS sal oor 'n finale prys onderhandel wanneer die aantal en oplaag bekend is - Bylae E.) Ander professionele instansies sou ook oorweeg kan word indien dit meer koste-effektief is.

2.4.5 Fases en proses

Die te-bandstelling van die Bybel vir verbale publikasie, bestaan noodwendig uit vier opeenvolgende fases. Die eerste en tweede fases neem baie langer as die derde en vierde fase.

Fase 1: Voorbereiding en instudering van die teks deur die Boesmanleser onder die leiding, hulp en toesig van ds. Van der Westhuizen.

Fase 2: Boesmanleser lees teks op meesterband en ds. Van der Westhuizen behartig die opname daarvan.

Fase 3: Redigering, samestelling, oorklanking op metaalkassette en proefluister deur ds. Van der Westhuizen.

Fase 4: Massa duplisering deur MDS en finale proefluister deur ds. Van der Westhuizen.

2.4.6 Termyn en tydskedule

Die te-bandstelling van die Bybel vir verbale publikasie sal DV 2,6 jaar neem - onvoorsiene omstandighede (bv. siekte) uitgesluit. Ter wille van enige onvoorsiene omstandighede, stel *Windhoek* die tydskedule/termyn DV op 'n maksimum van 3 jaar vas (Bylae F).

2.4.7 Finansiële implikasies

Die verbale publikasie van die Bybel oor 'n termyn van 3 jaar, sal die volgende finansiële implikasies meebring:

Uitgawes

Ds. Van der Westhuizen moet versorg word en in staat gestel word om sy opdrag uit te voer (traktement, pensioen, medies, behuising, telefoon, water en ligte, vervoer).

Die Boesmanleser sal vir dienste gelewer en van tydelike verblyf voorsien en vir reiskostes vergoed moet word.

Voorsiening word gemaak vir administratiewe kostes, pos en koerierkostes, opname-materiaal en bankrentes. (Aankoop en/of herstel van klanktoerusting uitgesluit.)

Inkomstes

* <i>Windhoek</i> se eie bydraes sal steeds R40 000 p.j. beloop	40 000 p.j.
* Kollektes tussen <i>Windhoek</i> en <i>Windhoek-Suid</i> word op ongeveer R5 000 p.j. (met 'n styging van R500 p.j.) begroot	5 000 p.j.
* Hulp van Klassis Etosha sal R5 000 vir 1997 beloop en jaarliks daarna heroorweeg word	5 000
* Hulp van Geref. Kerke in Namibië en die Part. Sinode Namibië sal R10 000 vir 1997 beloop en jaarliks heroorweeg word	10 000
* Donasies en kollektes uit kerke, individue en projekte word op ongeveer R30 000 p.j. begroot	<u>30 000 p.j.</u>
Totaal:	<u>90 000 p.j.</u>

('n Gespesifiseerde begroting sal by die Sinode beskikbaar wees - Bylae G.) Opsommenderwys, sien dit soos volg daaruit:

Jaar tot	Uitgawes	Inkomstes	Surplus/(Tekort)
1997	227 000	90 000	(137 000)
1998	246 000	90 500	(155 000)
1999	265 000	91 000	(174 000)

Die begroting toon aan dat indien weë nie gevind word om die proses van die te-bandstelling te finansier nie, sal die toeganklikheid van die Bybel vir die Boesmans prakties tot stilstand gedwing word.

Dit is egter belangrik dat die Sinode ingelig word waarom die proses tot stilstand gedwing sal word: dat die implikasies op die bediening in *Windhoek* (sedert die besluit van die Nasionale Sinode 1991) veroorsaak het dat dit vir *Windhoek* onmoontlik is om voortgesette aktiwiteite rakende die Bybel in Boesman alleen verder te finansier.

3. Versoek

Die Partikuliere Sinode Namibië versoek die Nasionale Sinode GKSA 1997 soos volg:

3.1 Oor 'n skriftelik publikasie

3.1.1 Die Nasionale Sinode word versoek om 'n beperkte oplaag van 8 eksemplare in rekenaaruitdrukformaat van die hele Bybel in die (Gobabis) Kung Boesmantaal (ortografie no.2) op die mees koste effektiewe wyse te druk (kopieer), in dele te bind en 2 eksemplare te bewaar (1 eksemplaar in die Kerkargief en 1 in die TSP Biblioteek en dat die ander eksemplare deur *Windhoek* beskikbaar gehou word vir verspreiding na predikante/kerkrade wat die Kung Boesmans bedien.)

3.1.2 Die Nasionale Sinode word versoek om een stel rekenaardiskette van die vertaling te dupliseer (vergesel met programhanteringsinstruksies) en in die Kerkargief te bewaar.

3.1.3 Die Nasionale Sinode word versoek om nie nou 'n besluit te neem oor 'n permanente skriftelike publikasie nie, maar om eers te wag in die lig van 2.1.

3.2 Oor 'n verbale publikasie

3.2.1 Die Nasionale Sinode word versoek om te aanvaar dat die Kung Boesman Bybel op die mees effektiewe wyse vir die Kung Boesmans toeganklik gemaak moet word.

3.2.2 Die Nasionale Sinode word versoek om homself daarmee te vereenselwig en in te stem dat 'n verbale publikasie die mees effektiewe toeganklikheidswyse vir die Kung Boesmans sal wees.

3.2.3 Die Nasionale Sinode word versoek om medeverantwoordelikheid te aanvaar vir die afronding en afhandeling van die publikasie van die Bybel in Boesman op klankkassette en om hiervoor finansiële voorsiening te maak.

3.2.4 Die Nasionale Sinode word in die lig van 3.2.3 hierbo, vriendelik dog ernstig versoek om op wyses soos hy mag goeddink finansiële medeverantwoordelikheid te aanvaar vir die te-bandstellingsproses.

3.2.5 Die Nasionale Sinode word versoek om aan *Windhoek* toestemming te verleen om in kerkverband te kollekteer en dat die kerke hiertoe opgeroep word.

3.2.6 Die Nasionale Sinode word versoek om deur sy Deputate Bybelvertaling en Bybelverspreiding met 'n duidelike opdrag medeverantwoordelikheid te aanvaar.

3.2.7 Die Nasionale Sinode word versoek om die begeleidende Beskrywingspunt van Klassis Etosha en Part. Sinode Namibië waarin die Nasionale Sinode gewys word op die ernstige implikasies van sy besluite en die pad vorentoe vir die Geref. Kerk Windhoek en ds. P.J.W.S. van der Westhuizen na eventuele afhandeling van die Boesman Bybelvertaling, in berekening te bring by sy besluite oor die versoeke in hierdie Beskrywingspunt.

Besluit:

1. Die Sinode neem net kennis van die volgende beredenering van die Finansiële Kommissie, soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling):

1.1 Die vertaling van die Bybel in Kung Boesman is 'n mylpaal wat bereik is. Die kerke in kerkverband was vir 'n lang tyd betrokke by die vertalingsproses van die Kung-Bybel. Die beste wyse van publisering wat aanbeveel word vir hierdie vertaling is om dit op klankkasset te plaas en dan te versprei.

1.2 Die Gereformeerde Kerk Windhoek kan vanaf 1998 ordelike reëlins tref vir sy finansiële situasie. Soos blyk uit die finansiële state is daar vir 1997 'n probleem omdat daar groot tekorte is om ds. Van der Westhuizen te versorg. Die aansoeke vir sustentasie vir 1997 is reeds afgehandel. Onderhandelinge met die Bybelgenootskap vir die verspreiding van die vertaling sal nie resultate vir 1997 oplewer nie. Dit is moontlik dat dit vir 1998 tog resultate kan oplewer.

1.3 Die Sinode moet dus handreiking doen vir 1997.

2. Die Sinode besluit soos volg oor die Beskrywingspunt:

2.1 Die Sinode bewillig R70 000 per jaar vir 1997, 1998 en 1999 uit die bydraes wat vir Bybelverspreiding gegee word.

2.2 Die Sinode gee toestemming dat die Gereformeerde Kerk Windhoek in die kerkverband kan kollekteer en doen 'n beroep op die kerke om hierdie saak daadwerklik te ondersteun.

13.6 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE NAMIBIË INSAKE DIE IMPLIKASIES VAN DIE SINODEBESLUIE EN DIE PAD VORENTOE VIR DIE GEREFORMEERDE KERK WINDHOEK EN DS. P.J.W.S. VAN DER WESTHUIZEN NA EVENTUELE AFHANDELING VAN DIE BOESMAN BYBELVERTALING (Artt.102, 145)

A. Ds. H.L.J. Momberg stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake III.

C. Ds. E.J. Tiemensma rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT:

1. Inleiding en doel

Ten einde die implikasies van die Sinodebesluite in die verlede t.o.v. die Boesman Bybelvertaling deeglik in oënskou te neem, word die Sinode versoek:

a) om aandagtig van die historiese verloop van hierdie saak kennis te neem;

b) om die implikasies soos gesien deur die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Windhoek, Klassis Etosha en die Partikuliere Sinode Namibië, te weeg.

- c) om die verdere verloop soos bestudeer deur Klassis Etosha en Partikuliere Sinode Namibië te beoordeel, en
- d) om uiteindelik hierdie implikasies en die verdere verloop daarvan sodanig in sy besluite aangaande die Beskrywingspunt insake die Boesman Bybelvertaling te verreken, dat die eer van onse God voorop sal staan.

2. Kort historiese agtergrond

2.1 Die inisiatiewe vir die vertaling van die Bybel in die Boesmantaal, het begin kort nadat ds. Van der Westhuizen as sendeling onder die Boesmans in die Gereformeerde Kerk Gobabis gedurende 1967 bevestig is.

2.2 Die Bybelgenootskap (Suid-Afrika en die eertydse Suidwes-Afrika) het met inisiatief en aanmoediging hierdie saak gedra.

2.3 In 1978 het die Bybelgenootskap formeel met die aanbod na ds. Van der Westhuizen gekom om hom voltyds aan die vertaling toe te wy. Die Bybelgenootskap sou die versorging van die vertaling sowel as die vertaler dra.

2.4 Dit het daartoe gelei dat ds. Van der Westhuizen in 1978 onder KO, art.14 toestemming ontvang het om sy diens te onderbreek vir die vertaalwerk. Hierdie fase het vir 8 jaar geduur, terwyl *Gobabis* intussen 'n ander sendeling vir die Boesmans beroep het.

2.5 Waar die vertaling normaalweg op 'n vasgestelde aantal jare gestel word, is dit in hierdie geval bemoelijk, deurdat 'n ortografie vir die Boesman - Kung eers ontwerp moes word.

2.6 In 1985 het die Bybelgenootskap van Namibië onafhanklik geword van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, maar het self ongelukkig nie meer kans gesien vir die vertaalprojek nie. Aangesien *Gobabis* se sendeling intussen 'n beroep aanvaar het, het ds. Van der Westhuizen weer sy diens as sendeling te *Gobabis* hervat.

2.7 Op hierdie stadium (1985) was die vertaling in konsep bykans voltooi, en het *Gobabis* via die kerklike vergaderings die veranderde opset van die twee Bybelgenootskappe aan die Sinode verduidelik, met die versoek dat die Nasionale Sinode die projek verder sal ondersteun. Aan hierdie versoek het die Sinode voldoen (Acta 1985:584/585, 134).

2.8 Die reëling met ds. Van der Westhuizen was dat hy helfte vertaalwerk en helfte sendingwerk sou doen.

2.9 In 1988 het hy 'n beroep na die Geref. Kerk Windhoek opgevolg, om hierdie gemeente saam met nog twee bedienaars te bedien. Die Sinode se ondersteuning is opnuut bevestig (Acta 1988:740-742, 140) en sy bydrae voortaan na *Windhoek* oorgedra. Dieselfde reëling as in *Gobabis* is met ds. Van der Westhuizen getref, nl. helfte vertaalwerk en helfte gemeentewerk.

2.10 Binne die bestek van enkele jare hierna was ds. Van der Westhuizen deur bepaalde omstandighede in die Geref. Kerk

Windhoek die enigste leraar in hierdie gemeente, wat intussen ook afstigting ondergaan het.

Weens die besorgdheid oor die voortgang van die vertaalprojek het *Windhoek* in 1991 'n Beskrywingspunt hieroor op die tafel van die Sinode laat dien. Vir die besluite van die Sinode hieroor, sien 5.2.1 en 5.2.2 van hierdie Beskrywingspunt.

2.11 In kort kom die besluite van die Sinode daarop neer om voorsiening te maak vir die afronding en afhandeling van die vertalingsprojek, sonder om af te sien van die ideaal van 'n voltooide vertaling, sowel as om die Geref. Kerk Windhoek te versoek om ds. Van der Westhuizen soveel as moontlik vry te stel vir die vertaalwerk.

2.12 Hierdie besluite het vir die bedieningsituasie in *Windhoek* ernstige implikasies ingehou. Hulle sou 'n ander bedienaar moes beroep om die bedieningswerk in die gemeente voort te sit.

2.13 In 1994 het die Sinode 'n besluit geneem wat bykomende implikasies vir die Gereformeerde Kerk Windhoek inhou, nl. dat die Sinode net tot die einde van 1996 hulp verleen (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.4).

3. Implikasie/s van hierdie Sinodebesluite

3.1 Die besluite van 1991 het die toepassing van KO, art.14 geïmpliseer, nl. dat ds. Van der Westhuizen toestemming ontvang om sy dienswerk te onderbreek ten einde so veel as moontlik tyd en aandag aan die afhandeling van die vertaling te bestee.

3.2 Waar 'n buitekerklike instansie normaalweg die finansiële verpligtinge dra (soos wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika aanvanklik gedoen het) vir 'n bedienaar wat onder KO, art.14 verlof verkry vir 'n besondere diens, sodat die gemeente intussen in hulle eie bedieningsnood 'n ander bedienaar kan beroep met die middele tot sy beskikking, het die Sinode self in hierdie geval die instansie geword wat die finansiële verpligtinge van die vertaling en die vertaler (gedeeltelik) op homself geneem het .

3.3 Hierdie handeling het vir *Windhoek* die geleentheid in sy bedieningsnood gebied om gedurende 1991 'n predikant te beroep wat die gemeente kon bedien.

3.4 Dit is belangrik om daarop te let dat *Windhoek* nog steeds 'n groot deel ook moes bly bydra tot die versorging van ds. Van der Westhuizen, anders as in die gewone toepassing van KO, art.14, waar 'n buitekerklike instansie die volle verpligtinge dra.

3.5 *Windhoek* is egter nie in staat om, saam met sy verantwoordelikheid vir sy eie bediening, enigsins 'n groter selfstandige deel van ds. Van der Westhuizen se versorging ook te bekostig nie.

3.6 Wanneer die Sinode se hulp in 1996 staak, is die implikasie hiervan vir *Windhoek* verreikend. Waar hy bykans nie in staat is

daartoe om gedeeltelik te help dra aan die versorging van ds. Van der Westhuizen nie, sal hy nog minder die volle las kan dra by die beëindiging van die toepassing van KO, art.14, en sal die Kerkraad noodgedwonge een van sy leraars vir beroeping moet aanbeveel.

3.7 Weerhouding van eervolle versorging nadat 'n broeder homself op die mees eervolle wyse gewy het aan die taak wat deur die kerkverband aan hom opgedra is, sou op growwe regskenking neerkom. Eventuele oorgaan tot 'n ander staat (KO, art.12) wanneer beroeping dan nie plaasvind nie, kom daarop neer dat die kerk wederregtelik ingryp in die feit dat God lewenslank roep.

3.8 Normaalweg hoort besluite (in terme van KO, artt.11, 12) by die plaaslike kerkraad saam met die Klassis en met advies van die Deputate vanweë die Partikuliere Sinodes tuis. In hierdie geval is die Nasionale Sinode egter medeverantwoordelik vir die situasie soos wat dit tans daar uitsien.

3.9 *Versoek*

Om hierdie rede is daar vrymoedigheid om die Sinode om hulp, raad en advies in hierdie verband te nader. Part. Sinode Namibië onderskryf met nadruk *Windhoek* se versoek insake voortgesette finansiële steun in die wens dat die Sinode *Windhoek* se versoeke gunstig oorweeg.

In die lig van bogenoemde beredenering gevoel Part. Sinode Namibië die behoefte aan besinning en advies (meerdere wysheid) oor hierdie buitengewone situasie wat voorgekom het. Dit is na ons mening dringend noodsaaklik, veral gesien in die lig van 3.8 hierbo, dat die Nasionale Sinode vir *Windhoek* adviseer in terme van 'n permanente oplossing van sy situasie nadat alle relevante take rakende die Boesman Bybelvertaling afgehandel is. Vir hierdie doeleindes bied Part. Sinode Namibië aan u sy beredeneringe (wat hierna volg) vir u oorweging.

4. Prinsipiële besinning oor moontlike oplossings

Normaalweg wanneer iemand onder KO, art.14 'n besondere taak ontvang, en die tydperk lank en onbepaald is, is dit gebruiklik en noodsaaklik dat die leemte wat sy onderbreking in die bediening by die plaaslike gemeente veroorsaak, weer gevul moet word deur 'n ander bedienaar te beroep en kragtens KO, art.11 eervol te versorg.

Kerkorde, art.14 bevestig die beginsel dat die bedienaar wat sy diens onderbreek het, steeds aan die gemeente onder beroeping staan (soos KO, artt.10 - 12 bepaal). Saam met die beroeping gaan immers 'n ooreenkoms wat die take en die toesig en die versorging stipuleer.

Wanneer in terme van KO, art.14 gehandel word, bly daar vir praktiese doeleindes van die wedersydse verpligtinge onder die beroeping in geval van siekte of vervolging slegs die toesig en die versorging oor vir die duur van die toepassing van KO, art.14, terwyl die bedieningstake onderbreek word.

In geval van 'n besondere opdrag buite die normale bediening, bly van die wedersydse verpligtinge onder die beroeping slegs die toesig oor die bedienaar oor tydens die toepassing van KO, art.14 terwyl die bedieningstake sowel as die regstreekse versorging onderbreek word. Die versorgingstaak word namens die gemeente deur 'n ander instansie bekostig.

Waar die bedienaar verlof ontvang en gevolglik 'n bedieningsbehoefte in die gemeente laat, is die gemeente genoodsaak om 'n ander bedienaar te beroep en te onderhou. Hierdie nuutberoepde bedienaar vul die bedieningsbehoefte in so 'n mate dat die bedienaar wat verlof ontvang het, prakties bloot vir aanspreeklikheidsdoeleindes (toesig) steeds die beroepene van daardie gemeente bly.

Die hoofsin van KO, art.14 wat lui dat die bedienaar wie se diens onderbreek is, steeds onderworpe aan die beroeping van daardie kerk bly, beteken dus in praktyk dat sy take en versorging onderbreek maar verhouding en aanspreeklikheid gaan voort (functionem et tractatum intermittere sed relationem et legabilitas continuare. Kyk Bouwman, I:479, par.2).

Dit lewer by sy eventuele terugkeer enkele verreikende praktiese probleme op.

Ten eerste is daar meestal by die gemeente geen finansiële vermoë om die bedienaar by sy terugkeer bykomend by sy huidige versorgingsplig te versorg nie. Ten tweede is daar meestal ook nie voorsiening vir die terugkerende bedienaar gemaak wat 'n sinvolle werkslading betref nie, aangesien beide hierdie twee aspekte reeds aangespreek is deur die teenwoordigheid van 'n ander beroepde bedienaar.

Prof. G.P.L. van der Linde (1983:68) beveel aan dat indien die gemeente hom nie kan versorg nie, "al weg is dan" dat so 'n bedienaar vir beroeping aanbeveel word. Hierdie aanbeveling is verreikend, en, indien dit verkeerd geïmplementeer word, kan dit tot growwe regskenking lei.

Hierop reageer prof. B. Spoelstra (1989:108-9) tereg dat so 'n optrede (in die verkeerde interpretasie daarvan) daarop neerkom dat die beroeping van daardie kerk by die terugkeer van die predikant beëindig word, en dat dit kennelik nie in ooreenstemming is met die sin van 'n beroep (KO, art.3) en bedoeling van KO, art.14 nie.

Dit is hierby insiggewend hoedat prof. Bouwman (1970, I:480-481) hierdie saak beredeneer, naamlik dat die gemeente verplig is om die dienaar, nadat die tydperk van onderbreking verstryk het, weer te ontvang. Indien die tydperk van onderbreking egter op 'n langer tyd vasgestel was, en met die dienaar ooreengekom is dat die gemeente 'n ander dienaar kan beroep, dan sou daarmee die wedersydse verpligtinge opgehef wees.

Die bedoeling van die besluit van die Nasionale Sinode 1991 (549/550, 22.26, Beskrywingspunt oor wysiging van KO, art.11) en 1994 (455-461, 22.8, Beswaarskrif teen die besluit van die Nasionale Sinode insake wysiging KO, art.11) is versigtig dat versorgings-onvermoë by 'n kerk een van die min wettige oorsake is waarom 'n bedienaar van sy versorging ontnem of uit sy diens ontslaan word. Verder dat dit op growwe regskenking neerkom wanneer iemand vir 'n beperkte tydperk vir beroeping aanbeveel word, en daarom indien geen beroep ontvang word nie, hy outomaties onder KO, art.12 tot 'n ander staat sou moet oorgaan. So 'n hantering van iemand wat onder KO, art.14 toestemming ontvang het om 'n besondere roepingstaak te verrig, is in stryd met die betekenis van die permanensie van die beroeping (KO, art.12).

Prakties gesproke is daar eindelik geen ander kerklike weg beskikbaar as om met groot versigtigheid die advies van prof. Van der Linde op so 'n manier te volg dat dit onder geen omstandighede tot regskenking aanleiding gee nie.

Hierby geld drie sake:

- a) Die terugkerende bedienaar word vir beroeping aanbeveel, daar is geen keerdatum aan verbonde nie, en
- b) of die huidige bedienaar word vir beroeping aanbeveel sonder 'n keerdatum, en
- c) die versorging mag ook nie weerhou word in die wagtyd nie.

5. Toegepas op die situasie van Windhoek

5.1 Die situasie

Afhangende van die besluit van die Sinode, sal ds. Van der Westhuizen se onderbreking van sy diens en werk aan die Boesman Bybelvertaling, in terme van KO, art.14, of (vroeër) einde 1996, of (later) by voltooiing van die te-bandstelling van die vertaling, eindig. Dan geld bykomend die omstandighede dat, indien die weg van KO, art.11 opgegaan word, *Windhoek* nie in staat sal wees om waggeld te betaal totdat 'n beroep ontvang word nie. Dit is derhalwe die behoefte dat almal wat verantwoordelik was vir die taakgewing van die bedienaar onder KO, art.14, ook almal gesamentlik verantwoordelikheid aanvaar vir die verdere versorging van daardie bedienaar. Hoe dat die gesamentlike verantwoordelikheid nagekom behoort te word, moet voorts aangedui word.

Bybelvertaling as opdrag kan nooit net een kerk se verantwoordelikheid wees nie. Altyd is die kerkverband in so 'n saak deelnemend betrokke. Met die Boesman Bybelvertaling was dit nie anders nie. Die Nasionale Sinode was vir die produk soos dit tans daaruit sien ten volle medeverantwoordelik soos blyk uit sy besluite hierby aangehaal.

"5.2 Besluite en opdragte van die Nasionale Sinodes GKSA (1991/4)

5.2.1 Die Sinode maak voorsiening vir die afronding en afhandeling van die vertalingswerk wat tot dusver gedoen is, sonder om af te sien van die ideaal van 'n voltooide vertaling (Acta 1991:129, 13.7 : 1.1).

5.2.2 Die Sinode versoek die Geref. Kerk Windhoek om ds. Van der Westhuizen soveel as moontlik vry te stel vir hierdie werk (Acta 1991:129, 13.7 : 1.3).

5.2.3 Van die fondse kan ook gebruik word vir administratiewe-entikwerk (Acta 1991:129, 13.7 : 1.6).

5.2.4 Die opgehoopde fondse vir Bybelvertaling word vanaf 01-01-1994 tot 31-12-1996 in gelyke dele gegee aan die Geref. Kerk Windhoek (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.1).

5.2.5 Toestemming word aan die Geref. Kerk Windhoek verleen om in die kerkverband te kollekteer. Kerke word versoek om hulp te verleen (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.2).

5.2.6 Twintig persent (20%) of 'n minimum van R60 000 per jaar van die bydraes vir Bybelverspreiding wat die Admin. Buro ontvang, word jaarliks aan die Geref. Kerk Windhoek oorbetaal (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.3).

5.2.7 Die Geref. Kerk Windhoek word daarop gewys dat die Sinode net tot einde van 1996 hulp verleen (Acta 1994:129, 13.4 : 7.1.4).

5.2.8 Die Sinode versoek sy Deputate vir Bybelvertaling om met *Windhoek* skakeling te hou oor die vordering, hulp en advies in probleemsituasies wat mag ontstaan met die Bybelvertaling in Boesman (Acta 1994:130, 13.4 : 7.3.1).

5.2.9 Die Sinode gee die Deputate vir Bybelverspreiding opdrag om met *Windhoek* skakeling te hou oor die aanwending van fondse (Acta 1994:130, 13.4 : 7.3.2).

5.3 *Gevolgtrekking*

5.3.1 Bogenoemde besluite bewys tot hoe 'n mate die Sinode instemmend en deelnemend betrokke was by die taak wat ds. Van der Westhuizen nou eervol tot voltooiing gebring het. Gevolglik is dit nie slegs onbillik indien aan *Windhoek* alleen die verantwoordelikheid gelaat sou word om die versorgingsverpligting te hanteer nie. Verder sal dit ook vir die Nasionale Sinode wees 'n nalaat van sy verantwoordelikhede wat uit sy eie besluite voortvloei. Ons as kerke het immers gesamentlik hierdie besluite met die gepaardgaande verantwoordelikhede geneem.

5.3.2 **Dit is dus gewoon billik en broederlik dat die Nasionale Sinode** vir die wagtyd wat moontlik weens die toepassing van KO, art.11 ter sprake mag wees, op 'n persentasie-verhouding met *Windhoek* en die mindere vergaderings, **buitengewone sustentasie bied** vir die versorging van ds. P.J.W.S. van der Westhuizen.

6. Versoek

Die onderskeie mindere vergaderings neem hiermee vrymoedigheid om die Nasionale Sinode te nader om advies en bystand in die lig van

ons beredenering hierbo. Indien die Nasionale Sinode die voorafgaande beredenerings en implikasies erken en vir sy rekening neem, word die Sinode versoek om hom oor die volgende uit te spreek:

6.1 Die Sinode erken die verdienste van die voortgesette taak tot toeganklikmaking van die Bybelvertaling vir die Boesmans en keur dit goed soos wat dit versoek is.

6.2 Die Sinode erken sy aandeel, instemming, opdraggewing en medeverantwoordelikheid vir die vertaalproses.

6.3 Die Sinode bedien hierdie mindere vergaderings van advies oor hoe hulle in hierdie saak eervol moet handel.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag:

Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Namibië insake die implikasies van die Sinodebesluite en die pad vorentoe vir die Gereformeerde Kerk Windhoek en ds. P.J.W.S. van der Westhuizen na die eventuele afhandeling van die Boesman Bybelvertaling.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

Die beredenerings en implikasies in die Beskrywingspunt berus op die volgende hoofpunte:

2.1 Die Kerkraad het verstaan dat die besluite van Sinode 1991 die toepassing van KO, art.14 geïmpliseer het (vgl. Beskrywingspunt, pt.3.1).

2.2 'n Prinsipiële besinning oor moontlike oplossings as gevolg van die toepassing van KO, art.14. Hulle beredenering is: "In geval van 'n besondere opdrag buite die normale bediening bly van die wedersydse verpligtinge onder die beroeping slegs die toesig oor die bedienaar oor tydens die toepassing van KO, art.14 terwyl die bedieningstake sowel as die regstreekse versorging onderbreek word. Die versorgingstaak word namens die gemeente deur 'n ander instansie bekostig (Beskrywingspunt, pt.4, par.3).

2.3 Hulle oordeel dat die finansiële bystand deur die Sinodes 1991 en 1994 die Sinode medeverantwoordelik gemaak het vir die versorging van ds. Van der Westhuizen. In die Beskrywingspunt word die volgende gestel: "Dit is derhalwe die behoefte dat almal wat verantwoordelik was vir die taakgewing van die bedienaar onder KO, art.14 ook almal gesamentlik verantwoordelikheid aanvaar vir die verdere versorging van daardie bedienaar (Beskrywingspunt, pt.5.1). Vgl. ook Beskrywingspunt, pt.5.3 en 6.2.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beredenering

3.1 Met die toepassing van KO, art.14 bly 'n bedienaar van die Woord onderworpe aan die beroeping van daardie kerk. Dit impliseer dat KO, artt.4, 11, 12 en 13 steeds die verantwoordelikheid van die kerkraad is. Die kerkraad se interpretasie dat 'n "buite-instansie", soos die Sinode, verantwoordelik is vir die versorging van die bedienaar van die Woord, is dus verkeerd. Dit bly die volle verantwoordelikheid van die kerkraad.

3.2 Die kerkraad verstaan en interpreteer die finansiële bystand aan die vertaalproses as dat die Sinode aandeel, instemming, opdraggewing en medeverantwoordelikheid aanvaar het vir die versorging van die vertaler.

Besluit: Goedgekeur.

4. Bevinding

Die Kommissie bevind die volgende t.o.v. die versoek aan die Nasionale Sinode gerig (Beskrywingspunt, pt.6):

4.1 Punt 6.1

Die versoek: "Die Sinode erken die verdienste van die voortgesette taak tot toeganklikmaking van die Bybelvertaling vir die Boesmans", kom ooreen met die Beskrywingspunt: "Partikuliere Sinode Namibië insake die publisering van die Kung Boesman Bybel" (AA7.5, p.514).

4.2 Punt 6.2

Die versoek: "Die Sinode erken sy aandeel, instemming, opdraggewing en medeverantwoordelikheid vir die vertaalproses" is beredeneer in pt.3.2 van die Kommissierapport.

4.3 Punt 6.3

Aan die versoek: "Die Sinode bedien hierdie mindere vergaderings van advies oor hoe hulle in hierdie saak eervol moet handel", word gevolg gegee (op die volgende wyse soos in aanbevelings volg).

Besluit: Goedgekeur

5. Aanbevelings

Aan die Beskrywingspunt word op die volgende wyse gevolg gegee:

5.1 Die Sinode adviseer dat die kerkraad KO, art.14 in sy volle konsekwensie voor die Sinode 2000 toepas.

Besluit: Goedgekeur. Die saak moet afgehandel wees voor Sinode 2000.

5.2 Die Sinode staan spesiale sustentasie toe vir 'n maksimum tydperk tot Sinode 2000. Hiermee word hierdie saak na die Finansiële Kommissie vir verdere aandag verwys.

Motivering: Die volgende drie jaar behoort die kerkraad voldoende tyd te gee om die verhouding tussen predikant en kerkraad vir die toekoms te reël, soos byvoorbeeld om die predikant onder KO, art.11

beroepbaar te stel sonder keerdatum vir verstryking van sy beroeping.

Besluit: Goedgekeur.

13.7 DANKWOORD AAN DS. P.J.W.S. VAN DER WESTHUIZEN (Art.161)

Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen word in die vergadering verwelkom. Dr. P.W. Bingle bedank namens die Sinode vir ds. Van der Westhuizen vir die pionierswerk wat hy verrig het met die vertaling van die Bybel in die Kung Boesmantaal.

Ds. Van der Westhuizen antwoord op gepaste wyse.

